# VAN DIE SUSTERS

Daar is nog 'n paar dankies uitstaande vir hierdie jaar!

- Baie dankie aan elke suster wat 'n bydrae gelewer het met die Streeksinode! Ek dink die broeders het lekker geëet!
- Baie dankie vir die heerlike Nagmaalete wat ons kon geniet! Dit was voorwaar voortreflik!
- Vandag is ons laaste "funksie" na die Kersprogram. Baie dankie vir die susters wat die bediening daar waarneem!
- Paul Schutte, baie dankie vir die pragtige kwilts wat in die saal hang! Dit is groot werk en werklik pragtige kunswerke! Ons het groot waardering daarvoor!
- Aan elke liewe suster en vir die bestuur in besonder, wil ek baie dankie sê vir hierdie jaar! Ons het "halftyd" oorgeneem, sonder baie beplanning, maar die dinge het gehardloop! Dit sou onmoontlik gewees het sonder 'n entoesiastiese bestuur en elke suster wat altyd gewillig is om te help. Hier wil ek in besonder die wyksusters hartlik bedank. Julle is 'n formidabele span! Baie dankie!
- Niks van al ons bedrywighede sou moontlik gewees het, as die Here nie met ons was nie. Daarom: Aan God al die eer!

Ons gaan 'n tydjie van rus in, geniet dit en benut dit. Wees veilig en kom in 2026 terug met nuwe moed en krag!

***Groete Alta***

**DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS**

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.** )
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 41 Sondag 30 November 2025
*Redakteur:* **Rudy van der Spoel 082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste en Huis Eikelaan om 15:30:**
**Ouderlinge:** Wyk 7 **Chris van Ryssen** en wyk 8 **Frans Coetzee**
**Diakens:** Wyk 7 **Coetzer Stoop** en 8 wyk **Ruan van Heerden**
**Skinkbeurt: Wyke 1 en 2: Malie Wyma en Wilmarie du Plessis**

**EREDIENSTE** Albei eredienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

**OGGEND Woordbediening:** Psalm 89.
**Fokusvers:** Psalm 89:2-3.
**TEMA:** ***Sing van die troue liefde van die HERE.***
**Sing:** Psalm 100:2, 3; Psalm 100:1, 4; Psalm 86:1, 2; Psalm 89: 6; Psalm 89:1, 2, 3.
**Sing met meelewing:** Psalm 20:4.

**AAND Woordbediening:** Jesaja 46.
**Fokusvers:** Jesaja 46:3-4.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, paragraaf 8.
**TEMA:** ***Uitverkorenes volhard omdat God hulle dra.***
**Sing:** Psalm 91: 5, 6; Psalm 68: 9, 13; Psalm 25:6, 7, 8; Psalm 71: 1, 5, 7; Skrifberyming 20- 2: 7(50).

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir **Thusofonds.**

Volgende week: **GKSA Sustentasie fonds**

**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en Kerkkas (Rooi)

**EREDIENS : HUIS EIKELAAN**

Vanmiddag Sondag **30 November** sal DV **prof Henk Stoker** van die TSP om 15:30 in die erediens in die kapel van Huis Eikelaan voorgaan. Die toesigbeurt sal waargeneem word deur ouderlinge Chris van Ryssen en Frans Coetzee.

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**VOORBIDDING**

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Magda Pelser-van der Merwe** moet op 4 Desember 'n opvolgbesoek by die Ooginstituut in Pretoria bring. Ons is saam met Magda baie dankbaar vir die beterskap wat sy alreeds ervaar en dat haar sig stelsematig herstel. Ons bid 'n volkome herstel toe!

**Malie Wyma** ondergaan op 4 Desember 'n prosedure in Mediklinie k. Ons bede is dat die chirurgie voorspoedig mag afloop en dat die opvolgbehandeling ryklik geseënd mag wees.

**André Joubert** se afpsraak met die kardio-toraktiese chirurg in Pretoria is uitgestel tot vroeg in 2026. Ons bede is dat ons hemelse Vader in sy troue liefde André sal koester, ondersteun en dra.

**Netta Schutte** het die afgelope Woensdag 'n opvolgbesoek by die ortopediese chirurg gebring. Ons is dankbaar vir die mate van herstel wat Netta ontvang het, en bid haar volkome herstel toe. Mag die res van die rehabilitasietyd ryklik geseënd wees.

**Mietsie Harman** het Donderdag 'n prosedure aan haar voet ondergaan in Mooimed. Ons bede is dat die herstelproses geseënd sal verloop.

**Kobus Mentz** het onlangs 'n tendon in sy skouer geskeur. Daar bestaan 'n moontlikheid van 'n operasie later. Ons verseker Kobus van ons voorbidding. Elsa is in die buiteland met navorsing. Seën word haar toegebid.



Met dankbaarheid en vreugde kan ons bekend maak dat ná 3 jaar se harde werk, **Shay Longden**, Vrydag 28 November, haar Verhandeling vir haar Meestersgraad in musiek ingehandig het. Nou wag ons net vir die uitslag.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

**MEEGEVOEL**

Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

**HUWELIKSHERDENKINGS**

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle god-saligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe! **Maandag 1 Desember** is **Jesse en Stienie Niemand 30 jaar getroud** en **Dinsdag 2 Desember** is **Paul en Netta Schutte 53 jaar** getroud .

## VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam en van |
|---|---|---|
| Son | 30/11 | **Kobus Mentz**, Wyk 7 |
| | | **Paul Schutte**,. Wyk 2 |
| Wo | 03/12 | **Tienie Venter (92)**,. Wyk 13 |

**Sing met meelewing:** Psalm 20: 4

Een van ons gesinne is op soek na 'n enkelbed asook 'n hangkas wat iemand moontlik nie meer gebruik nie. Indien daar 'n lidmaat is wat kan help, kontak asb vir Pieter by 082 923 1384.

# ALGEMENE AFKONDIGINGS

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 30/11 | 11:00 | Kersprogram | Kerkgebou |
| Di | 25/11 | 15:00 | Bybelstudie: Huis Eikelaan Afsluiting | Rooi sitkamer |
| Di | 16/12 | 09:00 | Geloftedagdiens Gesamentlike diens | GK Potch-Suid |
| Do | 25/12 | 09:00 | Kersdag-erediens Gesamentlike diens | GK Potchefstroom |

**BYBELSTUDIE**
Die Bybelstudiebyeenkoms Dinsdagmiddag om 15:00 in die rooi sitkamer van Huis Eikelaan. Almal is welkom.
Die groepe wat Woensdagaand en Donderdagoggend byeenkom het die afgelope week afgesluit.

---

**VERLOFREËLINGS: PROF. CALLIE EN DS. JANNES**
Die kerkraad het verlof aan prof. Callie en ds. Jannes toegestaan. Prof. Callie sal van 10 Desember tot 7 Januarie met verlof wees en ds. Jannes vanaf 11 tot 31 Desember.
Ds. Jannes sal ook oor die naweek van 7 Desember sy kwartaallikse verlofnaweek neem, maar nog huisbesoeke doen op 8 en 9 en 10 Desember. Ons is dankbaar dat daar in hierdie tyd elke Sondag en ook op Kersdag Woordbediening sal wees:
**Sondag 7 Desember:** prof. Callie Coetzee (o) en ds. Nic Laubscher (a).
**Sondag 14 Desember:** prof. Chris van der Walt (o) en teologiese student Rynhardt Landman (a).
**Sondag 21 *en* 28 Desember:** ds. Nic Laubscher (o) en teologiese student Rynhardt Landman (a)
**Kersdag 25 Desember:** prof. Francois Viljoen.
Ds. Jannes sal weer op **Sondag 4 Januarie** met beide eredienste voorgaan. Hy en Klaas Wyma is deur Streek-sinode Noordwes afgevaardig na die Algemene Sinode wat vanaf 5 - 10 Januarie hier in Potchefstroom vergader.
Prof. Callie sal met die oggenddiens van **11 Januarie** voorgaan.

**PRAKTIESE JAAR: TEOLOGIESE STUDENT RYNHARDT LANDMAN**
Die kerkraad het gevolg gegee aan 'n versoek van die kuratore dat teologiese student Rynhardt Landman vanaf Februarie 2026 sy praktiese jaar in ons gemeente doen. Rynhardt en Leané (van Zyl) tree op Saterdag 6 Desember in die huwelik. Hulle is tans lidmate van die Gere-formeerde Kerk Cachet, maar sal DV met attestaat by ons aansluit. Ons sien uit om Rynhardt en Leané te verwelkom, en bid hulle ryke seën op hulle huwelik toe!

---

**ATTESTATE  Attestate ontvang:**
Die reisattestate van **Ds Harry en Rita Cilliers** is terug-ontvang vanaf GK Sannieshof.

---

***30 Maal Geseënd*** is 'n boek met die 30 artikels oor my kuier as Kerkbladredakteur by gelowiges wat met groot seën op verskeie terreine in Sy Koninkryk 'n bydrae gemaak het: kunstenaars, kultuurleiers, drie rektore van die PUK, lidmate in die handels- en landbouwêreld. Ook die politiek, selfs die ambassadeur van Oekraine. Die eerste gesprek was met André de Ruyter en die laaste een met Carike Keuzenkamp.
Die boekie sal so 180 bladsye hê en is in volkleur, 'n stewige uitgawe en 'n ideale geskenk vir 'n hele klompie kinders, vriende en mense na aan jou.
Die totale drukkoste is geborg, en elke Rand van die R200 per boek gaan net so vir die ***Sorg Met Eer* projek** vir ons emeriti en hul weduwees.




Die boek sal DV voor die einde van die maand beskikbaar wees. **Wymie** gaan die admin. rondom bestellings hanteer. Lidmate kan hul bestellings by haar plaas by wymiedup@gksa.co.za, of 'n duidelike Whatsapp met die nodige besonderhede na **Wymie by 083 5755 786**.
Dis 'n ideale manier vir elkeen om ook deel te hê aan die noodsaaklike *Sorg Met Eer* projek. Individuele bestellings sal gefaktureer word met die R200 plus posgeld, en dadelik by ontvangs van die geld gekoerier word.
Lidmate kan ook baie spaar indien ons kerkkantore die aantal bestellings en die betalings inkry en die boeke dan in 'n pakket gekoerier word.
Omdat die boeke in Pretoria gedruk word sal ons poog om kerke in Pretoria se aflewering of afhaling gratis te reël by ontvangs van die R200 per boek, voor 10 Desember. Voorsien asb vir **Wymie** met die nodige inligting en ons doen alles om dit betyds en effektief by u uit te kry.
Baie dankie. Cassie Aucamp (Redakteur *Die Kerkblad* en skrywer)